

## MUNISIPALITEIT WITZENBERG

### WITZENBERG MUNISIPALITEIT BELEID INSAKE SKENKINGS, DONASIES EN SUBSIDIES

#### 1. **Agtergrond**

Om voorsiening te maak vir die jaarlikse toekenning van Skenkings, Donasies en Subsidies aan organisasies volgens 'n goedgekeurde plan binne die raamwerk van Artikel 152 van die Grondwet en Artikel 67 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en aanverwante statutêre voorskrifte.

#### 2. **Statutêre Vereiste**

In terme van Artikel 19 van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 op Plaaslike Regering : Munisipale Strukture 1998 (Wet 117 van 1998) (Strukture Wet) moet 'n munisipaliteit daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oormerke in Artikel 15 van die Grondwet (Wet 108 van 1996) uiteengesit te verwesenlik, wat as volg lees:

- a) om demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien;
- b) om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word;
- c) om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder;
- d) om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder; en
- e) om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig.

Paragraaf 2 van Artikel 19 van die Strukture Wet stel dit dat 'n munisipaliteit moet jaarliks:

- a) die behoeftes van die gemeenskap;
- b) sy prioriteite om daardie behoeftes te bevredig;
- c) sy werkswyses om die gemeenskap te betrek;
- d) sy organisatoriese en leweringse meganismes om die behoeftes van die gemeenskap te bevredig; en
- e) sy algehele prestasie ter bereiking van die oogmerke bedoel, hersien.

Die Wet op Plaaslike Bestuur : Munisipale Finansiële Bestuurswet 2003 (Wet 56 van 2003) stel sekere beperkings en riglyne waarvolgens plaaslike owerhede fondse kan oordra aan organisasies en instansies buite regerings verband.

Artikel 67 bepaal as volg:

1. Voordat fondse van die munisipaliteit aan 'n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer behalwe ter voldoening aan 'n kommersiële of ander besigheidstransaksie oorgedra word, moet die rekenpligtige beampte tevrede wees dat die organisasie of liggaam-
  - a) beskik oor die kapasiteit en ingestem het-
    - i) om aan enige ooreenkoms met die munisipaliteit te voldoen;
    - ii) om vir die termyn van die ooreenkoms te voldoen aan alle verslaggewings-, finansiële bestuurs- en ouditvereistes wat in die ooreenkoms gestipuleer mag word;
    - iii) om ten minste maandeliks aan die rekenpligtige beampte verslag te doen oor werklike bestedings teen sodanige oordrag; en
    - iv) om onverwyld sy geouditeerde finansiële state vir sy finansiële jaar aan die rekenpligtige beampte voor te lê;
  - b) effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels implementeer om teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur te waak; en
  - c) met betrekking tot vorige soortgelyke oordragte aan al die vereistes van hierdie artikel voldoen het.
2. Indien daar 'n versuim was deur 'n organisasie of liggaam om met betrekking tot 'n vorige oordrag te voldoen aan die vereistes van subartikel (1), kan die munisipaliteit ten spyte van subartikel (1)(c) 'n verdere oordrag aan daardie organisasie of liggaam maak mits-
  - a) daar aan subartikel (1)(a) en (b) voldoen word; en
  - b) die betrokke provinsiale tesourie die oordrag goedgekeur het.
3. Die rekenpligtige beampte moet deur middel van kontraktuele en ander gepaste meganismes nakoming van subartikel (1) afdwing.
4. Subartikel (1)(a) is nie van toepassing op 'n organisasie of liggaam wat omsien na behoeftiges of wat deur die regering gebruik word as 'n agentskap om na behoeftiges om te sien nie, mits-
  - a) die oordrag nie 'n voorgeskrewe perk oorskry nie; en
  - b) die rekenpligtige beampte-
    - i) alle redelike stappe doen om te verseker dat die geteikende begunstigdes die voordeel ontvang van die fondse wat oorgedra word; en
    - ii) teenoor die Ouditeur-generaal sertifiseer dat voldoening aan subartikel (1)(a) deur daardie organisasie of liggaam onekonomies of onredelik is.

Nie Regerings Organisasies, plaaslike en nasionale assosiasies en forums kan 'n belangrike rol speel in die onderskraging van plaaslike bestuur om sy statutêre verpligtinge te vervul asook om dienste te verskaf wat waarde toevoeg tot die welstand van die plaaslike breë gemeenskap van die Witzenberg Munisipaliteit.

Die Raad begroot dus op 'n jaarlikse basis om fondse beskikbaar te stel aan organisasies volgens 'n goedgekeurde program en sal die Raad volgens, die onderstaande prosedure toekennings maak.

## 2. TIPE SKENKINGS EN DONASIES

Die Raad kan vir drie tipe skenkings en donasies voor begroot.

### 2.1 Ad hoc skenkings en donasies

Hierdie tipe skenking handel met eenmalige aansoeke van organisasies vir finansiële bystand vir 'n spesifieke projek.

### 2.2 Staande jaarlikse donasies en skenkings

In terme van die begroting word sekere donasies en skenkings op 'n jaarlikse basis gedoen. Die meriete van die aansoek word eenkeer gedoen en goedgekeur, die bedrag word dan jaarliks begroot en oorbetaal op 1 Julie of in paaiemente soos ooreengekom. Jaarlikse donasies strek oor twee of meer finansiële jare, soos deur die Raad besluit; en mag ter enige tyd teruggetrek of gestaak word.

### 2.3 Kontraktuele donasies of skenkings

Hierdie tipe donasies of skenkings verwys na organisasies aan wie die Raad 'n finansiële bydrae maak as gevolg van 'n spesifieke ooreenkoms tussen die Raad en die organisasie.

## 3. **Bespreking**

### 3.1 Vastelling van meriete van donasie of skenking

Ad hoc skenkings en donasies

- sal slegs oorweeg word vir organisasies/instellings en nie vir individue.
- slegs plaaslike organisasies/instellings sal kwalifiseer vir ad hoc skenkings en donasies.
- Slegs organisasies wat 'n diens lewer wat 'n direkte verband het, op die funksies en oogmerke van plaaslike bestuur soos bepaal deur die strukture Wet sal oorweeg word.
- Slegs organisasies sonder wins bejag sal kwalifiseer.
- Organisasies wat onroerende eiendom van die Raad huur op die basis dat eienaarskap na die Raad terugval by beëindig van die ooreenkoms, mag kwalifiseer vir 'n donasie of skenking waar permanente verbetering aan die eiendom aangebring word.
- Ad hoc donasies mag gedoen word aan publieke nood/ramp fondse.

### 3.2 Staande jaarlikse donasies of skenkings

- die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 3.1 (supra) en
- enige organisasie wat volgens die Raad se mening voldoen aan die Minisipale Finansiële Bestuurswet en 'n aanhoudende diens verskaf wat jaarliks finansiële bystand regverdig.

### 3.3 Kontraktuele donasies of skenkings

- die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 3.1 (supra) en
- aansoeke soos goedgekeur deur die Raad op meriete.

#### 4. **Prosedure**

- 4.1 Kennisgewing sal in die pers geadverteer word met die aanvang van die begroting om organisasies/instellings te nooi om aansoeke in te dien vir ad hoc en jaarlikse donasies en skenkings in die formaat soos voorgeskryf.
- 4.2 'n Skedule van al die aansoeke ontvang saam met aanbevelings deur die Munisipale Bestuurder, met betrekking tot organisasies/instellings wat aan die kriteria voldoen sowel as die donasies, skenkings waarvoor aansoek gedoen, moet aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word vir oorweging en insluiting in die begroting (Artikel 53 MFMA).
- 4.3 Jaarlikse en kontraktuele donasies/skenkings sal jaarliks in heroorweging geneem word tydens oorweging van die begroting.
- 4.4 Organisasies/instellings sal saam met hul aansoeke 'n besigheidsplan indien met 'n spanderingsprogram vir die aanwending van die fondse.
- 4.5 Die Toerisme Buro vir die munisipale gebied en die museums word uitgesluit uit die bepalings soos bovermeld en moet dié instansies 'n jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê vir oorweging en bepaling van 'n subsidie vir insluiting in die begroting.
- 4.6 Alle goedgekeurde aansoeke, sowel as die Toerisme Buro en museums se oorbetalings sal onderhewig wees aan Artikel 67 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.

**WITZENBERG MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**AANSOEK VIR DONASIE /  
APPLICATION FOR GRANT**

1. Naam van Organisasie: .....  
Name of Organisation: .....
  
2. Fisiese Adres: .....  
Physical Address: .....
  
3. Posadres: .....  
Postal Address .....
  
4. Telefoon: .....  
Telephone: .....
  
5. Kontak Persoon: .....  
Contact Person: .....
  
6. Gee 'n beskrywing van die aard van u besigheid of organisasie: .....  
Give a description of the nature of business of the organisation: .....
  
- .....
  
- .....
  
- .....
  
7. Waar is die organisasie plaaslik gevestig: .....  
Where is the organisation locally based: .....
  
8. Bedrag/e voor aansoek gedoen: .....  
Amount/s applied for: .....
  
9. Gee 'n kort beskrywing van die doel en projekte waarvoor die bedrag/e aangewend sal word:  
Give a brief description of the purposes and projects for which the amounts will be used for: .....
  
- .....
  
- .....
  
- .....

10. Was daar al 'n soortgelyke projek in die verlede al geloods? Gee besonderhede:  
Has a similar successful project been launched in the past? Give details.
- .....
- .....
- .....
- .....
11. Is die projek afhanklik van donasies van ander organisasies? Indien ja, gee besonderhede van pogings aangewend om sulke donasies te bekom en die datum van aansoek:  
Is the project dependent on donations from other organisations? If yes, give details of attempts made to secure such donations and the success thereof at the time of application:
- .....
- .....
- .....
12. Enige ander besonderhede wat as belangrik geag word:  
Any other detail deemed important:
- .....
- .....
- .....
- .....
13. Please attach a copy of an official letterhead of your organisation as well as a business plan for the project:  
Heg asseblief 'n amptelike briefhoof van u organisasie sowel as 'n besigheidsplan van die projek aan:

**NAAM**  
**NAME**

**HANDTEKENING**  
**SIGNATURE**

**DATUM**  
**DATE**